



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

# JAARVERSLAG

JANUARIE 2017 - DESEMBER 2017



**Adres:**

Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

Privaat Sak X11, Arcadia, 0007

Telefoon: 086-133-3786

E-pos: [akademie@akademie.co.za](mailto:akademie@akademie.co.za)

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE  
AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS VIR DIE  
TYDPERK JANUARIE 2017 TOT DESEMBER 2017.

# Inhoudsopgawe

1.	BESTUUR VAN DIE AKADEMIE.....	5
2.	LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE .....	6
3.	VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE SE WERKSAAMHEDE JANUARIE 2017 - DESEMBER 2017.....	9
4.	KOMMISSIES VAN DIE RAAD .....	27
5.	SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD .....	28
6.	VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE .....	30
7.	VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSKAPPE EN AFDELINGS.....	33
8.	DANKBETUIGING .....	36
9.	LEDELYSTE.....	37





# Woorde van die Voorsitter



“

Geagte lede van die Akademie

Dit is vir my 'n voorreg om in ooreenstemming met paragraaf B.2.2 van die Statuut van die Akademie, die verslag van die Raad vir die tydperk Januarie 2017 tot Desember 2017 aan die Algemene Vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voor te lê.

PROF. IRMA ELOFF

**VOORSITTER** ”



# 1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE

## 1.1 Akademiesraad

Die Akademiesraad is op 28 September 2017 vir 'n driejaartermyn 2017 – 2020 verkies en is soos volg:

### Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

Prof. S.M. (Anne-Marie) Beukes, Universiteit van Johannesburg  
Prof. I. (Irma) Eloff, Universiteit van Pretoria (Voorsitter)  
Prof. A.E. (Ilse) Feinauer, Universiteit van Stellenbosch  
Prof. F. (Fransjohan) Pretorius, Universiteit van Pretoria  
Prof. E.H. (Helena) van Coller, Rhodes Universiteit  
Prof. H.P. (Hennie) van Coller, Universiteit van die Vrystaat/ NWU

### Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

Dr. P.A.B. (Cassie) Carstens, SA Kernenergiekorporasie  
Prof. J.A.A. (Japie) Engelbrecht, Nelson Mandela Universiteit  
Prof. O.B.W. (Oppel) Greeff, Universiteit van Pretoria (Ondervoorsitter)  
Dr. S. (Sias) Mostert, SCS Aerospace Group

Prof. I.J. (Kobus) van der Walt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
Prof. L. (Leopoldt) van Huyssteen, Universiteit van Stellenbosch

### Ex officio raadslede

Mnr. P.R. (Rudolph) Botha (Voorsitter: Oudit- en Risikobestuurskomitee)  
Prof. J.N. (Kobus) Eloff, Universiteit van Pretoria (Redakteur, SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT)) (Prof. J.G. Maree het gedurende 2017 as redakteur uitgetree.)  
Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe, emeritus professor, Unisa (Redakteur, Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW))

### Hoof- Uitvoerende Beampte

Dr. Dionē Prinsloo



Voor v.l.n.r.: Proff. S.M. Beukes, R.C. Wolfaardt-Gräbe, dr. D. Prinsloo (HUB), proff. I. Eloff (Voorsitter), O.B.W. Greeff (Ondervoorsitter), proff. A.E. Feinauer en J.A.A. Engelbrecht.  
Agter v.l.n.r.: Dr. L.E. Brink (Koördineerder: Projekte), proff. J.N. Eloff, H.P. van Coller, dr. S. Mostert, prof. I.J. van der Walt, dr. P.A.B. Carstens, mnr. P.R. Botha en prof. E.H. van Coller.  
Inlas v.l.n.r.: Proff. L. van Huyssteen en F. Pretorius.

## 2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE

### 2.1 Geografies is lede van die Akademie soos volg ingedeel wat die verskillende Werkgemeenskappe betref:

Werkgemeenskap	Erelede	Gewone lede	Emeritus lede	Assosiaatslede	Korresponderendelede	Totaal
Bloemfontein*		18	13			31
Buiteland		37			3	40
Durban		4	2			6
Oos-Kaapland		26	11			37
Pietermaritzburg		1				1
Polokwane		3				3
Potchefstroom		116	13			129
Pretoria	5	243	45	3		296
Vaaldriehoek		12				12
Vrystaat**	1	62	5			68
Wes-Kaap	5	181	57			243
Witwatersrand		72	12			85
Zoeloeland		2	1	1		4
<b>Totaal</b>	<b>11</b>	<b>778</b>	<b>159</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>955</b>

\* Slegs NW-lede

\*\*Slegs GW-lede

## 2.2 Ontleding van die lidmaatskap van die Akademie in terme van aanwinste en verliese sedert 2017:

	Junie 2010 tot Junie 2011	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan 2014 tot Des. 2014	Jan. 2015 tot Des. 2015	Jan. 2016 tot Des. 2016	Jan. 2017 tot Des. 2017
<b>Ledetal</b>	<b>776</b>	<b>764</b>	<b>765</b>	<b>781</b>	<b>811</b>	<b>825</b>	<b>813</b>	<b>796</b>
<b>Emeritus lede</b>	<b>216</b>	<b>201</b>	<b>188</b>	<b>183</b>	<b>173</b>	<b>171</b>	<b>166</b>	<b>159</b>
<b>Totale ledetal</b>	<b>992</b>	<b>965</b>	<b>953</b>	<b>964</b>	<b>984</b>	<b>996</b>	<b>979</b>	<b>955</b>

Wins (Verlies) in ledetal:

	Junie 2010 tot Junie 2011	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan 2014 tot Des. 2014	Jan. 2015 tot Des. 2015	Jan. 2016 tot Des. 2016	Jan. 2017 tot Des. 2017
<b>Nuwe lede</b>	<b>23</b>	<b>32</b>	<b>38</b>	<b>24</b>	<b>44</b>	<b>58</b>	<b>15</b>	<b>29</b>
<b>Bedank/Skrap</b>	<b>30</b>	<b>40</b>	<b>22</b>	<b>8</b>	<b>30</b>	<b>19</b>	<b>14</b>	<b>31</b>
<b>Sterftes</b>	<b>21</b>	<b>19</b>	<b>28</b>	<b>5</b>	<b>15</b>	<b>17</b>	<b>18</b>	<b>13</b>
<b>Totaal</b>	<b>(28)</b>	<b>(27)</b>	<b>(12)</b>	<b>11</b>	<b>(1)</b>	<b>22</b>	<b>(17)</b>	<b>(15)</b>



## 2.3 Nuwe lede

Die volgende persone het in 2017 as lede aangesluit:

### Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

- Mnr. Paul C. Venter
- Prof. A.W. Coetzee, Ann Arbor, Michigan
- Me. Aléta C. Michaletos, Pretoria
- Dr. C. Steenkamp, Somerset-Wes
- Dr. C.J. van Staden, Roodepoort
- Prof. Shana R. Poneis, Milwaukee, VSA
- Prof. P.J.J. van Geest, Berkel en Rodenrijs, Nederland
- Mnr. N.J. Clarke, Utrecht, Nederland
- Prof. Rinelle Evans, Pretoria
- Mnr. D.G.C. Potgieter, Pretoria
- Prof. D.J. Kriek, Pretoria
- Mnr. R. van Wyk, Pretoria
- Dr. C.A. Georghiou, Johannesburg
- Dr. Marlene Zwiegers, Kimberley
- Prof. A.Y. Sadie, Johannesburg
- Me. Cecilia Kruger, Pretoria
- Prof. P. du Preez, Stellenbosch
- Mnr. R.D. Henwood, Pretoria
- Dr. L. Maritz, Stellenbosch
- Dr. B.J. Tolmay, Durban

### Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

- Mnr. R.J. Czanik, Potchefstroom
- Dr. W.M. Wannenburg, Pretoria
- Mnr. T.D. van Zyl, Mooketsi
- Dr. C.G. Kriek, Pretoria
- Mnr. C.R. Burger, Pretoria
- Prof. J.P. Schoeman, Pretoria
- Mnr. Ryno van der Merwe, Pretoria
- Dr. J.J. Naudé, Fontainebleau
- Mnr. W.A. Haddad, Mooketsi





## 3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS SE WERKSAAMHEDE: JANUARIE 2017 – DESEMBER 2017

---

### 3.1 Personeelposisie

Die SA Akademie het tans 6 personeellede:

- Hoof- Uitvoerende Beampte (kontrakpos) – dr. Dionē Prinsloo
- Koördineerder: Projekte (permanent) – dr. Linda Brink
- Persoonlike Assistent en Administratiewe Beampte (permanent) – Nellie Engelbrecht
- Finansiële Beampte (permanent) – Hanlie Willemse
- Administratiewe Beampte – (permanent) – Melanie Rens
- Administratiewe Assistent vir die kantoor en die museum (permanent) – Shirley Mahlangu

### 3.2 Vergaderings van die Akademiesraad

Die Akademiesraad het die afgelope verslagtydperk vier keer vergader:

- 30 Maart 2017
- 8 Junie 2017
- 27 September 2017
- 23 November 2017

### 3.3 Engelenburghuis en die nuwe gebou

Op 27 Augustus 2017 het die groot dag aangebreek: Die personeel kon ná twee jaar terugtrek na Engelenburghuis en die nuwe gebou.

Die argitek, mnr. François van der Merwe, die bourekenaarsfirma SSQS (en veral mnr. Barry Solomon), en die bouaannemer SMT word hartlik bedank vir die praggebou. Die historiese museum met sy Kaaps-Hollandse boustyl en die nuwe gebou vorm 'n integrale eenheid. Die laaste afrondingswerk word nog gedoen, maar die gebou is reeds funksioneel. Besoekers is eenparig in hul lofbetuigings dat dié gebou in die volgende eeu steeds 'n gepaste tuiste vir die SA Akademie sal wees.

### 3.4 Die SA Akademie transformeer/vernuwe/omvorm

Die SA Akademie as liggaam is deurlopend besig om daadwerklik daarna te strew om die demografie van die Afrikaanse gemeenskap in ag te neem. Akademielede, ook in individuele en persoonlike verband, en Werkgemeenskappe se steun is gevra.

### 3.5 Publikasies deur lede

Die SA Akademie gee graag erkenning aan sy lede vir publikasies (sien Nuusbriewe van die SA Akademie in die verband vir die volledige inligting).

- 'n Beroep word weer op lede gemaak om alle publikasies in tydskrifte of boeke onder die aandag van die kantoor te bring. Stuur asseblief alle inligting na [nellie@akademie.co.za](mailto:nellie@akademie.co.za).

## 3.6 Tydskrifte

### 3.6.1 Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)

#### Publikasie en beplanning

##### Afgehandelde uitgawes

(Alle artikels vanaf 2016 is elektronies beskikbaar op <http://www.tgwsak.ac.za>.)

Die volgende uitgawes het in die loop van 2017 verskyn:

##### Jaargang 57, Nommer 1 (Maart 2017)

1) 'n Tema-afdeling, Filosofie as aktualiteitsanalise. Die diagnostiese en kritiese funksie van die filosofie ter ere van Marinus Schoeman met as gasredakteur, Benda Hofmeyr (9 artikels het verskyn). Hierdie keurig versorgde spesiale afdeling bevat onder meer 4 artikels van buitelandse kollegas (Nederland en België) wat as navorsingsgenote by UP geaffilieer is.

2) Die tweede afdeling bestaan uit 5 artikels oor toegepaste taalkunde, letterkunde (ekologie, filmteorie en 'n wiskundige model vir die Afrikaanse poëtiesistiem) en onderwys (blogging in 'n Afrikaans klas); die jaarlikse oorsig van Afrikaans in Nederland (Eep Francken) en 'n volgende Taalrubriek deur Tom McLachlan.

##### Jaargang 57, Nommer 2-1 en 2-2 (Junie 2017)

Die Junie-uitgawe is in 2 tydskrifte gedruk:

1) Nommer 2-1 is 'n spesiale uitgawe, waarin die 100-jarige bestaan van die Taal- en Letterkundekommissies herdenk word. Nerina Bosman (Taalkommissie – 7 artikels) en Hennie van Coller (Letterkundekommissie – 5 artikels) het as gasredakteurs opgetree. In hulle voorwoord verduidelik die gasredakteurs dat dit gaan om "...eerstens die Taalkommissie en verbandhoudende aspekte, waarvan die gereelde uitgawes van die Afrikaanse woordelys en spelreëls (oftewel die AWS) die belangrikste is, en tweedens aan die Letterkundekommissie en sy rol as bekroner van literêre gehalte". Na lang wik en weeg is besluit om 'n foto van die Akademieraad van 1939 op die voorblad en 'n afdruk van die voorblad van die faksimile van die 1917 eerste Woordelys en spelreëls (met vergunning van Protea Boekhuis) op die agterblad te plaas.

2) Die tweede tydskrif (2.2) bestaan uit 10 diverse artikels, waarin die volgende onderwerpe gedek is: die etos van die kenniswerker, etiek en oudiologie, Chinese mededinging en die SA staalbedryf, die geskiedenis van stedelike parkontwikkeling in Engeland en die VSA, die psigososiale omstandighede van straatkinders, musiek, versoening tussen leerders in parallelmediumskole, onderrigleerfaktore en studentetalslytasie aan TBOO-kolleges en die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op die visueel-motoriese integrasie van nege- tot tien-jarige leerders.

##### Jaargang 57, Nommer 3 (September 2017)

In hierdie uitgawe is Navorsingsartikels in drie onderafdelings gegroepeer

1. voortgesette debat oor die keuse en funksie van taal in sekondêre en tersiêre onderrig (3)
2. artikels uit verskillende vakdisiplines en met diverse kundigheidsfokus: filosofie en radikaliserings van die politiek (1); Suid-Afrikaanse oorlogsgeskiedenis (veldslag tydens die grensoorlog) (1); besinning oor teologiese en sendingkwessies (2); onderwys (skoolhoofleierskap) (1); en Afrikaanse taalwetenskap (1)
3. voortgesette debat oor staat en samelewing (met spesiale verwysing na politieke kommunitarisme) (2).

##### Jaargang 57, Nommer 4 (Desember 2017)

12 navorsingsartikels is in die Desember nommer ingesluit: Afrikaanse letterkunde (1); opvoedkunde en onderwysleid (3); geskiedenis (2); ekonomie (1); kriminologie (1); filosofie, taal en tegniek (1); taalverwerwing (1); filosofie/teologie (1).

Opmerking: Hein Willems se bydrae oor Adam Small se jarelange verbondenheid met die Cape Flats Players is die eerste artikel wat formeel voortbou op die huldigingsbundel oor Adam Small, onder redakteurskap van Jacques van der Elst, wat einde November 2017 by Protea verskyn het. Dit is die eerste voltooide werk van die SA Akademie se boekeprojek oor Hertzogprysweners. Verskeie ander is in wording – 'n staande uitnodiging aan medewerkers verskyn in elke uitgawe van die TGW en sal ook op die webwerf geplaas word.

In die afdeling AKTUEEL is die debat oor staat en samelewing (1) voortgesit deur Danie Strauss (UV/NWU). Hierdie interdisiplinêre debat – filosofie, regs- en politieke wetenskap – is deurgaans genuanseerd op 'n gesofistikeerde vlak gevoer en alle bydraes sedert Junie 2016 is, volgens een van die Nederlandse keurders, van hoogstaande akademiese gehalte.

#### **Algemeen:**

Gedurende 2017 is daar altesaam 59 artikels gepubliseer in die Maart-, Junie- (2 tydskrifte), September- en Desemberuitgawes (9+5; 12+10 (2 tydskrifte); 11 en 12 onderskeidelik). Twee spesiale temas is ingesluit: Filosofie as aktualiteitsanalise met Benda Hofmeyr as gasredakteur (9 artikels as deel van die Maartnommer); en die 100-jarige herdenking van die Taal- en Letterkundekommissies met Nerina Bosman en Hennie van Coller as gasredakteurs (12 artikels afsonderlik gepubliseer as Jg. 2-1 van die Junienommer). In vergelyking met 2016 se 66 artikels is 7 minder artikels gepubliseer; en in vergelyking met 2016 se totale aantal bladsye van 1288, is die 1115 van 2017 ook minder. Hierdie afname is waarskynlik te wyte aan die feit dat slegs 2 en nie 3 spesiale temas, soos in 2016, geakkommodeer is nie.

#### **ASSAf: NSEF**

Die gebruikelike jaarlikse vergadering van redakteurs is hierdie jaar afgestel weens 'n gebrek aan voldoende befondsing. Gratis webinare oor kwessies rondom die OJS-stelsel is wel van tyd tot tyd aangebied.

#### **Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe**

**Redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)**

### 3.6.2 SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT)

Danksy die uitnemende hulp en voortgesette leiding van lede van die redaksionele Komitee, die uitstekende werk van kollegas by AOSIS, die professionele en tydige evaluering van manuskripte deur die keurders, loop die tydskrif steeds seepglad.

Die volgende sake is ook van belang.

Daar was in 2017 1390 verwysings na manuskripte in SATNT!

1. Die tydskrif is ingedien vir evaluasie by IBSS (wat deur ProQuest oorgeneem is). Terugvoer is nog nie ontvang nie.
2. Die tydskrif is ook by die volgende instansies/produkte geïndekseer en die webtuiste is dienooreenkomstig aangepas:
  - Alle artikels gepubliseer in die joernaal word ingesluit in: DHET SA List
  - Thomson Reuters Web of Science Other Coverage, BIOSIS Previews
  - Directory of Open Access Journals (DOAJ)
  - EBSCO Host
  - GALE, CENGAGE Learning
  - Google Scholar
  - ProQuest
  - Norwegian Register for Scientific Journals, Series and Publishers, Level 1

Die volledige teks van die artikels in die joernaal word in die volgende argiewe gebêre om te verseker dat hulle op die lang termyn bewaar word.

- Portico
- AOSIS LIBRARY
- SA ePublications, Sabinet
- South African Government Libraries

AOSIS het die Akademieskantoor gedurende 2017 in kennis gestel dat hulle hul kontrak met die SA Akademie in verband met die hantering van die SATNT nie gaan hernu nie indien die Akademie se huidige Afrikaanse taalbeleid vir die Tydskrif voortgesit word. Die Akademiesraad het by die 30 Maart 2017-vergadering besluit dat die Tydskrif Afrikaans bly. Die Tydskrif is dus net tot aan die einde van 2017 deur AOSIS geadministreer. Die Akademiesraad het intussen besluit om die Tydskrif vanaf Januarie 2018 in huis uit te gee.

#### Terugkopië van die SATNT wat deur AOSIS gedigitaliseer is

AOSIS is versoek om die gedigitaliseerde terugkopië vir die Akademie te oorhandig.

#### Hoofdoel van die Akademie se geakkrediteerde tydskrifte

Die doel van die Akademie se tydskrifte is eerstens om die Afrikaanse vaktaal te bevorder en tweedens om navorsers die geleentheid te gee om in Afrikaans te publiseer.

#### Redakteurskap van die SATNT

Prof. Kobus Maree het gedurende 2017 as redakteur bedank.

Prof. Kobus Eloff het daarna as Redakteur van die SATNT opgetree en sal Redakteur bly tot die Tydskrif goed op dreef is.

### Strategie om die SATNT verder te neem

1. Die SATNT moet verder ontwikkel word tot 'n kwaliteit tydskrif waarin topnavorsers graag wil publiseer.
2. Goeie bemerking van die Tydskrif is noodsaaklik om gehalte-artikels te werf.
3. Geen bladgelde word gehef nie.
4. 'n Webblad is vir die twee Tydskrifte ontwikkel.
5. Dit is 'n oop-toegang tydskrif wat inhuus bestuur word.
6. 'n Manuskrip-bestuurder by Medpharm is aangestel om vanaf 2018 die artikels elektronies te bestuur.
7. 'n Komitee van kundige vakspecialiste uit verskillende vakgebiede sal die Redakteur bystaan om gehalte-artikels te werf.
8. Die kundiges in die komitee moet self ook in die SATNT publiseer.
9. Die redaksie moet referente vir die artikels wat ontvang word, aanwys.
10. Die Tydskrif moet 'n goedgefundeerde administratiewe ondersteuningsbasis hê.
11. Die Tydskrif streef daarna om vier top artikels en vier top oorsigartikels en nog 'n paar ander artikels per uitgawe te publiseer.
12. Die nasionale vereistes vir tydskrifte moet in ag geneem word.
13. Die SATNT moet bydrae tot toekomstige kwaliteit wetenskaplikes.
14. Jong wetenskaplikes moet oorreed word om in die SATNT te publiseer. Hulle moet opgelei word om goeie artikels te skryf deur opbouende kritiek op hulle werk te lewer. Mettertyd sal hulle bydraes verbeter.
15. Die vereiste dat studente wat beurse van die Akademie ontvang 'n artikel in 'n geakkrediteerde tydskrif moet publiseer, moet streng toegepas word.
16. Studente wat aan studentesimposiums deelneem moet aangemoedig word om artikels vir die Tydskrif te lewer.
17. Die hoogste prioriteit vir die SATNT is om akkreditering by die Web of Science Thomson Reuters te verkry sodat die 25% reël van Dept Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) nie meer sal geld nie.
18. Die nuwe beleid dat manuskripte in Engels as 'n addisionele lêer aanlyn beskikbaar geplaas kan word, maar dat die gedrukte kopie steeds net in Afrikaans sal wees. Dit vergroot nie alleen die aantal potensiele outeurs nie, maar ook die aantal spesialis keurders wat beskikbaar is. Dit verhoog ook die aantreklikheid van die SATNT vir outeurs wat met internasionale kollegas skakel en meer siterings kan ontvang.

**Prof. Kobus Eloff**

**Uitvoerende Redakteur: SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie**



### 3.7 Poort-Skryfkompetisie vir kreatiewe skryfwerk deur graad 10-, 11- en 12-leerders

Die POORT-Skryfkompetisie 2017 is afgehandel en die paneel keurders – prof. Thys Human, dr. Tom Gouws, prof. Bernard Odendaal en dr. Daniel Hugo – het die Nasionale Wenner: Poësie en Prosa aangewys. Hierdie eer het Brigitte Geyer (Poësie) van die Afrikaanse Hoër Meisieskool en Nina du Preez (Prosa) van die Hoërskool Centurion te beurt geval.

Brigitte Geyer se vindingryke en onkonvensionele gedig, hier en daar, het die keurders beïndruk met die sterk beeldingsvermoë: “Die amper Homeriese vergelyking vorm ’n uitgesponne kosmiese samehang tussen twee pole wat onoorbrugbaar skyn te wees, maar in perfekte balans met mekaar verkeer.” Die keurders meen dat hierdie jong digter iets “hartgrondeliks van die kuns van die digkuns verstaan”. Hul beskou haar as ’n waardige wenner van die landwye POORT-poësiekompetisie.

Nina du Preez se prosaverhaal, *Ses-vyftig*, is op sy beurt ook ’n deeglik beplande, netjies afgewerkte verhaal. “Veral word na die jong skrywer verwys as iemand wat die vermoë het om uit doodgewone gegewens iets buitengewoons en onvoorspelbaars tot stand te bring. Die gru-wraakverhaal is stilisties en taalkundig met trefsekere hand geskryf.” Nina du Preez beïndruk die keurpaneel met haar blink skrywerstalent.

Die keurders het voorts ook hul voorkeurlys van die top-10 presteerders in beide genres opgestel. Die top-5 in elke genre is deur die SA Akademie na die POORT-Skrywerslypskool in Bloemfontein van 16–19 Julie 2017 genooi. Dr. Anthea van Jaarsveld van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, het die organisasie van die Slypskool behartig.

Die twee akademiese skryfmentors van hierdie POORT-Skrywerslypskool was prof. Hennie van Coller (akademikus en digter), wat die poësiestruktuur behartig het, en die alombekende skrywer Alexander Strachan, wat die prosawerkwinkel aangebied het. Hulle het die tien aspirantskrywers in die fyner nuanses van die skryfkuns ingelei. Ná ’n goedbeplande program van onderrig en persoonlike onderhoude met elke jong skrywer moes hierdie kandidate elk ook ’n nuwe skryfstuk met die tema *Ek en die ander* in die genre van hul keuse vir evaluering deur ’n onafhanklike beoordelaar inlewer.

### 3.8 Die Taalkommissie

Die 11de uitgawe van die Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS) is op 3 Augustus 2017 bekendgestel – 100 jaar nadat hierdie standaardnaslaanbron vir die spelling en skryfwyse van Afrikaans die lig gesien het. Die 2017-AWS sluit talle nuwe woorde in wat die tydsgees en breër Afrikaanse taalgemeenskap weerspieël. Reëls is ook aangepas en vereenvoudig om Afrikaanse spelling en skryfwyse meer sistematies en dus makliker te maak.

Afgesien van die gewone werk wat die Taalkommissie deurlopend verrig om nuwe opnames in die Woordelys by te voeg, reëls te verfyn en voorbeelde toepaslik te hou, is daar beduidende uitbreidings aan die werk wat gebruikers in staat behoort te stel om nog meer baat by die AWS te vind.

### 3.9 Simposium 2017

Die Akademie se jaarlikse simposium het op 28 en 29 September in Pretoria plaasgevind met die tema *’n Wêreld tussen globalisme en nasionalisme: die uitwerking van wêreldtendense op Suid-Afrika*.

#### Die sprekers was soos volg:

- Prof. Hein Viljoen, Dept. Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit – Transponerings van wêreldletterkunde by D.J. Opperman.
- Prof. Kobus Eloff, Navorsingsprofessor in die Fitomedisyne-program, Universiteit van Pretoria – Die verskuiwing van wetenskaptaalgebruik in die wêreld het implikasies vir die behoud van die Afrikaanse vaktaal.
- Prof. Gert van der Westhuizen, Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Johannesburg – Die vernaltiging van tale in die akademie

- Prof. Jacques du Plessis, Universiteit van Wisconsin–Milwaukee, VSA – In wie se hande lê die taal se toekoms? ’n Akademiese benadering tot toekomsvooruitskouing.
- Prof. Linda van Ryneveld, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria – Die gebruik en skep van oop opvoedkundige hulpbronne in hoër onderwys.
- Prof. Gerrie Jacobs, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Johannesburg en Elsa Greeff, verbonde aan The King’s College, Bryanston – Waardes wat leerders aan ’n Suid-Afrikaanse privaatskool met die leer van Wiskunde assosieer: ’n Internasionale vergelykingsperspektief.
- Victor Correia, Dosent in Bybelkunde en Filosofie, AROS – HG Stoker se ‘goue middeweg’ tussen Liberalisme en Nasionalisme.
- Prof. Arrie de Beer, Buitengewone professor, Departement Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch – Wie is die joernaliste van die tradisionele nuusmedia en hoe beskou hulle hul werk?
- Prof. Shana Ponelis, Skool vir Inligtingstudies, Universiteit van Wisconsin–Milwaukee, VSA – Globalisering en lokalisering van inligting- en kommunikasie-tegnologie in Suid-Afrika: geleenthede en uitdagings.
- Liesl Louw-Vaudran, Senior Navorsingskonsultant, Instituut vir Sekerheidstudies, Pretoria – Die media en Afrika: wie vertel die storie?
- Dr. Germarié Viljoen, Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekskampus – Suid-Afrika se waterkrisis: “Eiendom” as oorsaak en oplossing.
- Prof. Johan Schoeman, Hoof, Dept. Veterinêre Kliniese Wetenskappe, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria – Weerstandbiedende bakterieë/ Obesiteit/Intestinale mikrobiom en oormatige antibiotika gebruik.
- Gasspreker: Prof. dr. Patrick van Damme, Fakulteit Bio-Ingenieurs-wetenskappe en voorsitter van die Afrika Platform, Universiteit Gent – Welke plaats voor Zuid-Afrika’s natuur-producten op de wereldmarkt? Lessen uit de praktijk.
- Gasspreker: Tommie van Zyl, Uitvoerende Hoofbestuurder van die ZZ2 Boerdery – Aanpassing by verandering vir volhoubare waardeskepping: Die ZZ2-verhaal.
- Prof. Pieter Verster, Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat – Post-koloniale teologie en die sending: uitdagings en bedreigings.
- Dr. Chris Jones, Hoof van die Eenheid van Morele Leierskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch – Morele leierskap noodsaaklik vir versoening.
- Prof. Helena van Coller, Fakulteit Regsgeleerdheid, Rhodes Universiteit – Rituele slagting: ’n godsdienstige reg? ’n Oorsig van belangrike wêreldtendense binne hierdie kontroversiële debat en implikasies vir godsdiensteenskappe in Suid-Afrika.
- Dr. Sebastiaan Floor, Seed Company, ’n filiaal van Wycliffe Bible Translators – Is ’n Bybelvertaling in Kaaps en Khoi Afrikaans te vêrgesog? ’n Perspektief op taalontwikkeling binne die Afrikaanse variantebundel.
- Prof. Ronnie Lotriet, Programbestuurder van die Besigheidsskool, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom en L.J. Janse van Vuuren – Die dood van die tradisionele koerant in Suid-Afrika – ’n strategiese assessering.
- Alana Bailey, Adjunkhoof, Afriforum – Is die “transformasie van Suid-Afrikaanse erfenis” nodig, of bloot ’n ideologiese oefening?
- Prof. Jannie Rossouw, Hoof, Dept. Ekonomiese Wetenskappe, Universiteit van die Witwatersrand; Fanie Joubert en Cobus Vermeulen, Dept. Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika – Suid-Afrikaanse aandeel: Die impak van globalisme en nasionalisme.
- Piet le Roux, Hoof Uitvoerende Beampte, AfriSake – Die betekenis van kettinglêertegnologie vir politieke pluralisme.
- Prof. Greta Dreyer, Dept. Verloskunde en Ginekologie en hoof van die Ginekologiese Kankereenheid, Universiteit van Pretoria – Servikale kankersifting: lokale toepassing van wêreldtendense.
- Prof. Ooppel Greeff, Farmaseutiese Geneesheer – Die uitwerking van wêreldtendense op geneesmiddelnavoring in Suid-Afrika.
- Prof. Hans de Ridder, Skool vir Menslike Bewegingswetenskappe, Noordwes-Universiteit – Moderne sportlui: Is ons besig om sportreus te teel en wat is die konsekwensies vir hulle gesondheid?
- Prof. Kobus Wolvaardt, emeritus professor, Dept. Besluitkunde, Universiteit van Suid-Afrika – Is Westerse bevolkings besig om geneties te verdeel?

## 3.10 Simposiums in die Natuurwetenskappe

### 3.10.1 Studentesimposium

Die 17de jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe is op 2 en 3 November 2017 deur die Dept. Chemie van die Universiteit van Pretoria (UP), in samewerking met die Afdelings Wis- en Natuurkunde en Chemiese Wetenskappe van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), aangebied. Prof. Marile Landman van die Dept. Chemie het die leiding met die reëlings by die UP geneem, terwyl prof. Rudi Pretorius (SAAWK/Unisa) en dr. Hertzog Bissett (SAAWK/NECSA) die SAAWK verteenwoordig het. Hierdie interdisiplinêre simposium, wat aan nagraadse studente die geleentheid gee om hul navorsing in Afrikaans aan te bied, was vanjaar besonder suksesvol. Die biologiese wetenskappe is vanjaar vir die eerste keer hierby betrek, wat die simposium volwaardig interdisiplinêr in die konteks van die natuurwetenskappe maak. In 2017 was daar vier parallelle sessies vir referate (altesaam 36) asook 'n plakkaatsessie (ses plakkate). Dit maak dit dus een van die grootste van hierdie simposiums wat oor die afgelope paar jaar aangebied is. Studente van altesaam nege verskillende Suid-Afrikaanse universiteite het deelgeneem, met aanbiedings wat die volle spektrum van die natuurwetenskappe gedek het.

Die simposium het begin met 'n spogfunksie die Donderdagaand, waartydens prof. Marietjie Potgieter (Visedekaan: Onderrig, Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, UP) en die Voorsitter van die Akademie, prof. Irma Eloff, die verwelkoming behartig het. Die gasspreker was dr. Marthinus Horak, wat 'n aanbieding getiteld "Bioprospektering vir waardevolle stowwe in inheemse plante", gedoen het. Tydens die openingsfunksie het prof. Pretorius ook een en ander oor die doel van die simposium aan die aanwesiges verduidelik, terwyl dr. Bissett die bedanking en erkenning van die borge vir hul bydraes behartig het.

Ná 'n openingswoord deur prof. Landman en aanbiedings oor patente en patentreg deur sprekers van Kisch IP en Adams & Adams (wat ook borge van die simposium was) is die res van Vrydag in beslag geneem deur die aanbiedings van studente. Hulle aanbiedings is ook beoordeel en hulle het in aanmerking gekom vir 'n wye reeks pryse en sertifikate wat deur die borge van die simposium beskikbaar gestel is. Die prysuitdeling is deur prof. Rudi Pretorius behartig en dr. Dionē Prinsloo (HUB van die SAAWK) het die prysweners gelukgewens en ook die slotwoord behartig. Hierdie simposium skep 'n platform vir nagraadse studente van oor die hele Suid-Afrika om hul navorsing in Afrikaans aan te bied en die sukses van die simposium word dus gereflekteer in die bydrae wat dit in die breë konteks van die wetenskap in Suid-Afrika lewer.

### 3.10.2 Simposium Biologiese Wetenskappe

Die simposium in natuurwetenskappe het in 2017 ook die biologiese wetenskappe ingesluit.

## 3.11 Projekte

### 3.11.1 Plakkate vir skole

Die Akademie het plakkate van die Hertzogprys, Dalene Matthee, Adam Small, Elisabeth Eybers, NP van Wyk Louw, Ingrid Jonker, Antjie Krog, Breyten Breytenbach, D.J. Opperman, T.T. Cloete, C. Louis Leipoldt, Uys Krige en Ernst van Heerden te koop aangebied.

### 3.11.2 Woordeboeke

#### Naslaanbiblioteek van vaktaalbronne by die SA Akademie

Die program vir die elektroniese katalogus van die naslaanbiblioteek is reeds geskryf. Die data van die boeke word sedert September 2017 ingevoer en die boeke van nommers voorsien. Die projek sal in 2018 voortgaan.



### **Tweetalige Kunswoordeboek**

Die woordeboek sal waarskynlik in 2018 in hardekopie by Protea Uitgewers verskyn.

### **Bouwoordeboek**

Mnr. Pierre Oosthuizen van die Universiteit van die Vrystaat het op eie inisiatief begin om die boukundelys by te werk. Kundiges soos dr. M. Alberts en ander word hierby betrek.

## **3.13 Die Hertzoggedenklesing**

Die Hertzoggedenklesing het op 13 September 2017 by die Akademie se nuwe gebou plaasgevind. Spreker: Prof. Christo van Rensburg, Navorsingsgenoot by die Navorsingseenheid Tale en literatuur in die SA konteks, aan die NWU. Die tema van die lesing: Toe die maak van die Afrikaanse woordelyste & spelreëls ook perdekoop was.

## **3.14 Wiskunde-in-Aksie**

Die jaarlikse Wiskunde-in-Aksie, en nou ook Wetenskap-in-Aksie, het op onderskeidelik Maandag 12 Junie en Dinsdag 13 Junie 2017 plaasgevind. Daar is groot waardering vir die inset en inisiatief van prof. Kobus van der Walt om ook die Wetenskap-in-Aksie moontlik te maak. Die kompetisie word steeds beskou as 'n leergeleentheid en skole kon alle belangstellende leerders in graad 6 en 7 vir die kompetisie in beide vakke inskryf. Altesaam 231 skole en 3 482 leerders het aan die twee Aksies deelgeneem. Albei vraestelle het bestaan uit veertig (40) meerkeusevrae. Twee "oop" vrae wat addisioneel beantwoord moes word, is ingesluit om tussen die uitblinkers te onderskei. Die Pretdae is vanjaar op die laaste twee Saterdag van Augustus en die eerste twee Saterdag van September by die verskillende universiteite aangebied. Die 30 leerders wat die beste in 'n streek presteer het, is daarheen genooi. Die streekwenners is daar aangekondig en het hulle pryse ontvang. Ook die nasionale wenners is beloon. Didaktiese terugvoering is gegee aan die skole wat deelgeneem het. Proff. Marthie van der Walt en Kobus van der Walt (eksaminatore) het die antwoorde van leerders ontleed met die oog op terugvoering. Onderwysers is aangemoedig om die inhoud van die vraestelle in hulle onderrig te benut. Die terugvoering van die leerlinge en die ouers was besonder positief.

## **3.15 Bekronings 2017**

Toekennings vir prestasies in die wetenskappe en die kunste is by geleenthede in Stellenbosch (Woensdag 21 Junie) en in Pretoria (Vrydag 29 September) aan uitnemende Suid-Afrikaners uitgereik.

Die volgende toekennings is gemaak:

### **21 Junie in Stellenbosch:**

- Poortprys vir Poësie: Brigitte Geyer van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria
- Eugène Maraisprys (Poësie): Bibi Slippers
- Eugène Maraisprys (Prosa): Lien Botha
- Eugène Maraisprys (Drama): Amy Jephta
- Protea Boekhuisprys vir die beste Geskiedenisverhandeling in Afrikaans en die Genl. Christiaan de Wet-beurs: Anneke van Heerden
- Deleen Bekkerprys vir die Beste Dokumentêre TV-draaiboek in Afrikaans, asook die Erepenning vir 'n Dokumentêre Televisieprogram in Afrikaans: Richard Finn Gregory
- SA Akademieprys vir Vertaalde Werk: Dr. Daniel Hugo
- Hugenote-Vereniging- en die D.F. du Toit-Malherbeprys vir Genealogiese Navorsing: Prof. Gerhard Geldenhuys
- L.W. Hiemstraprys vir Niefiksie: Carel van der Merwe
- Elizabeth C. Steijnmedalje: Jannie van der Westhuizen
- Stalsprys vir Maatskaplike Werk: Prof. Lambert K. Engelbrecht
- Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe: Prof. Hendrik Geyer
- Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek: Hanna van Niekerk
- Hertzogprys vir Poësie: Antjie Krog





Groepfoto van die prysweners by die Stellenbosch-bekroningsaand

### 29 September in Pretoria:

- Poortprys vir Prosa: Nina du Preez van die Hoërskool Centurion, Pretoria
- Junior Kaptein Scottgedenkmedalje (Plantkundige Wetenskappe): Ancia Cornelius
- Douw Greeffprys: Prof. Eduard Venter, Phumzile Sibisi, Natasha van de Haar en Adriaana Jacobs
- Esther Greeffprys: Prof. Nerina Bosman
- Erepennig vir Visuele Kunste (Grafiese Kuns): Ben Botma
- Erepennig vir Toneel- en Verhoogkuns en die Gerhard Beukesprys: Gerben Kamper
- Erepennig vir die Bevordering van Geskiedenis: Dr. Nicol Stassen
- Besondere Erepennig: Tommy Sasseen
- Erepennig van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie: Prof. Jan Neethling
- Albert Stratingprys vir Voorkomende Geneeskunde: Prof. Hanlie Moss
- Havengapry vir Lewenswetenskappe: Prof. Jolanda Roux
- Erepennig vir Radiodrama in Afrikaans: Marita van der Vyver



Groepfoto van die prysweners by die bekroningsaand in Pretoria



### 3.16 ATKV-SA Akademieprys 2017

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van die beste ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in die betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns koördineer die keuringsproses.

In 2017 is die beste artikels wat in 2015 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, beoordeel.


Die prysweners was soos volg:

#### **Geesteswetenskappe:**

- Prof. Adèle Nel, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit (Vaaltriehoekcampus), vir haar artikel: Spel en die spelende mens in “Die sneeuslaper” (Marlene van Niekerk), “Klimtol” (Etienne van Heerden) en “Wolf, Wolf” (Eben Venter), wat by LitNet Akademies, 12 (1), April 2015, verskyn het.
- Prof. Nerina Bosman, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, vir haar artikel: EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek, wat in die Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 55 (1), Maart 2015, verskyn het.
- Prof. Andries G. van Aarde, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria vir sy artikel: Vredemakers as kinders van God (Matt 5:9): 'n Pragmaties-linguïstiese lesing, wat in HTS Teologiese Studies/Theological Studies, 71 (1), 2015 verskyn het.
- Prof. Ernest van Eck, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, vir sy artikel: Die gelykenisse van Jesus: Allegorieë of simbole van sosiale transformasie?, wat in HTS Teologiese Studies/ Theological Studies, 71 (3), 2015 verskyn het. Die prys is gedeel met prof. Willie Burger, hoof van die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, vir sy artikel Historiese korrektheid en historiese fiksie: 'n respons, wat in Tydskrif vir Letterkunde, 52 (2), 2015 verskyn het.

#### **Natuurwetenskappe:**

- Proff. Adriaan J. Reinecke en Sophia A. Reinecke en me. Mia van Wyk, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit Stellenbosch, vir hulle artikel: Kan die gevoeligheid van grondlewende organismes bydra om die volhoubaarheid van landbewerking van olieraffinadery-afval te beoordeel?, wat in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, 34 (1), 2015, verskyn het.
- Prof. Peet du Toit, dr. Nicoleen Coetzee, prof. Ernst Krüger (intussen oorlede), prof. Ronél Ferreira, me. Evangeline Nortje en prof. William Fraser van die Universiteit van Pretoria en mev. Elizabeth Rudolph en prof. Yvonne Joubert, Unisa, vir hulle artikel: Kardiovaskulêre-gesondheidsrisiko onder universiteitstudente in Suid-Afrika, wat in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, 34 (1), 2015, verskyn het.



### 3.17 Die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO)-Beursprojek

**Beurshouers wat hulle doktorsale studie in 2017 voltooi het:**

Naam van student	Studierigting	Titel van proefskrif
Antonie Phillippus (Tonie) Viljoen, Universiteit van die Vrystaat	Ekklesiologie : Kerkgeskiedenis en Kerkreg	Die rol van die NG Kerk in Sonop Christelike Tehuis 1916 - 2016
Corné van der Vyver, Noorwes-Universiteit	Kurrikulumstudies	Storievertelling as onderrigstrategie ter versterking van gemeenskapsidentiteit
Gert JPJ van der Merwe, Universiteit van Pretoria	Praktiese Teologie	Rituele en Geloofsvorming in die skoolkonteks: 'n Prakties-Teologiese verkenning
Hein Wiegand (Heinrich Johann) Universiteit van Stellenbosch	Praktiese Teologie	Evangelisasie deur Sport- en Rekreasiebediening: 'n Praktiesteologiese ondersoek
Henriëtte Loubser, Universiteit van Stellenbosch	Kinder- en jeugliteratuur en omgewingsopvoeding	Die uitbeelding van omgewingskwessies in geselekteerde tekste uit die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur: 'n Ekokritiese perspektief
Helena Susanna Gouws, Noordwes-Universiteit	Geskiedenis	'n Historiese ontleding van en besinning oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en NWU-PUK, 1980-201
Mariska Nel	Afrikaans en Nederlands	Outeurskapidentifikasie en mikroblogs: 'n eksploratiewe forensiese analise in 'n digitale era
Melanie Carmen Moen, Universiteit van Pretoria	Opvoedkundige Sielkunde	'n Ondersoek na die etiologiese faktore van kinders wat 'n familielid vermoor
Mariëtte Lowes	mariette.Lowes@nwu.ac.za	Mediese Wetenskappe
Okert Petrus Jakobus (Okkie) Stander, Universiteit van Stellenbosch	Geskiedenis	Die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn tussen 1914 en 1937
Susan du Toit, Universiteit van Stellenbosch	Opvoedkundige Sielkunde	Die belewing en die vergestaltung van veerkragtigheid van ouers van kinders met aandagtekort- en hiperaktiwiteitsversteuring in hul middelkinderjare
Dr Z L de Beer, Noordwes-Universiteit	Vergelykende Opvoedkunde	Die BRICS organisasie: betekenis vir onderwysvoorsiening in die lidlande

## Beurshouers wat hul Meestergraad-studies in 2017 voltooi het:

Naam van student	Studierigting	Titel van verhandeling
Charlton Jafta, Noordwes-Universiteit	Openbare Bestuur	'n Ondersoek aangaande die effektiwiteit van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit
Gerbrand Bodenstein, Universiteit van Pretoria	Praktiese Teologie	Humor en prediking in 'n veranderende Suid-Afrikaanse konteks
H.J. Prinsloo, Universiteit van die Vrystaat	Nuwe Testament (Teologie)	Die begrip <i>ἐπαγγελία</i> in die lig van Paulus se retoriese strategie in die Brief aan die Galasiërs
Madelein van Straaten, NWU Potchefstroomkampus	Wiskunde	Voltooiingsprobleme vir klasse van reële simmetriese matrikse wat geslote konvekse keëls vorm
Peter December, Nelson Mandela Universiteit	Afrikaans en Nederlands	'n Ondersoek na die uitbeelding van Khoisan karakters deur wit Afrikaanse prosateurs:1994-2014.
Remona Voges, Universiteit van Stellenbosch	Afrikaans en Nederlands	Die hantering van die begrip 'interverbondenheid' in Antjie Krog se bundel Medewete (2014)
Rickus Ströh, Noordwes-Universiteit	Afrikaanse letterkunde	Destabilisering van hegemoniese Afrikanermanlikheid deur middel van die randfiguur in drie onlangse Afrikaanse films
Rudolf Stehle, Universiteit van Pretoria	Afrikaanse letterkunde	Karnavaleske elemente in die uitbeelding van geweld in Blood Meridian deur Cormac McCarthy en Buys deur Willem Anker
Roan Grunder, Universiteit van Pretoria	Maatskaplike werk	Die assessering en voorstelling van strategieë vir die belyning van werknemerhulpprogramme (WHPS) met die ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsbenadering
Ruhan Fourie, Universiteit Stellenbosch	Geskiedenis	Beyers Naudé 1915-1963: Die Vorming van 'n Dissidente Afrikaner
Susanna Josina Elizabeth Stapelberg, Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus)	Invoer – en Uitvoerreg	Beregtiging van konstruksiesegeskillte kragtens die FIDIC Red Book
Sune Beetge, Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus	Regte	Selfmoordbriewe as geldige testamente: testeerbevoegdheid en animus testandi
Theo Galloway, Stellenbosch Universiteit	Geskiedenis	'n Streeksgeskiedenis oor die kusdorpe in die Strandveld van die Overberg, circa. 1940-1994.

## Beurse – Post Doktoraal

### Artikels wat in 2017 verskyn het:

Naam van beurshouer	Studierigting	Titel van artikel(s)
Alida Naudé, Universiteit van Pretoria	Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie	Statistiese evaluering en voorspelling van woordherkenningtoetstellings van die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergeregte Wordlyste in Afrikaans (FVEWA). Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 58(1). Etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 57(2-2), 501-520.
Anneke Viljoen, Universiteit van Pretoria	Teologie, Ou Testamentiese studies	1) Die verhouding tussen Ou-Testamentiese wetenskap en Teologiese interpretasie van die Bybel: Handeling 8:26-40 as gevallestudie gepubliseer in HTS Teologiese Studies/Theological Studies 73(1)a4496. <a href="https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4496">https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4496</a> 2) 'n Hermeneutiek vir Teologiese interpretasie van die Bybel: Metodologiese besinning gepubliseer in HTS Teologiese Studies/Theological Studies 73(1), a4497. <a href="https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4497">https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4497</a>
Henry Fillies, Universiteit van Stellenbosch	Opvoedkunde: Beleidstudies	Die leerpraktykvorming van plattelandse werkersklasleerders gegrond op hulle fondse van kennis Henry Fillies, Aslam Fataar LitNet Akademies (Opvoedkunde) 2017-01-10
Jacobus Carnow, Universiteit van Stellenbosch	Pastorale sorg: Teologie	Die skending van die menswaardigheid van bruin staatspensioenarisse. Litnet Akademies, September 2017
Joan-Mari Barendse, Universiteit van Stellenbosch	Afrikaanse letterkunde	Die “grense van menswees” en insekwording in Willem Anker se Samsamasjien (2015), LitNet Akademies 13(3); 'n Kulturele entomologiese ondersoek na insekte in Willem Anker se Siegfried, Tydskrif vir Letterkunde, 54(2)
Katie Lennard, Kaapstad van Universiteit	MIV vatbaarheid in jong Suid-Afrikaanse vroue	Hoë voorkomskoers van bakteriële vaginose en Chlamydia in 'n lae-inkomste, hoëbevolkingsdigtheid gemeenskap in Kaapstad. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, gepubliseer 12 Des. 2017
Pieter van der Zwan, Pretoria en Wene	Ou Testament	1. “'n God sonder gesig? Moontlike sielkundige interpretasies vir die verborge God in die Hebreeuse Bybel” in Pharos Journal of Theology 98 (2017); 2. “Die onderliggende liggaamsbeelde van die metaforiese gebruik van die woord, תָּ, in die Hebreeuse Bybel” in Pharos Journal of Theology 98 (2017).

## Publikasieprojek

Altesaam 23 publikasies is vir 2017 befonds. Die eerste huldigingsbundel, naamlik vir Adam Small, het verskyn, met prof. Jacques van der Elst as redakteur.

### Publikasies wat befonds is in 2017:

Publikasie	Outeur	Uitgewer
Afskeid van Europa	Karel Schoeman	Protea Boekhuis
Die Goddelike komedie	Cas Vos	Naledi
Die laaste reis	Karel Schoeman	Protea Boekhuis
Die storie van Afrikaans 1	WAM Carstens	Protea Boekhuis
Die reis gaan inwaarts	Cas Wepener	African Sun Media
Die geleerde digter: Antieke Griekse pastorale en epigrammatiese poësie, vertaal en bespreek deur W.J. Henderson	WJ Henderson	Imprimatur
Die Weerklank van Martin Luther	DC Groenewald	The Reformation Society Rondebosch, Kaapstad
Faksimilee van die 1917-AWS	Christo van Rensburg	Protea Boekhuis
Griekse taal oor 35eeue	Gerrit van Wyk Kruger	Sun Press
Geskiedenisdagboek	Jaap Steyn	FAK
Hart van God	Isabel Murray	Christelike Lektuurfonds Uitgewers
In Glas	Nicola Hanekom	Protea Boekhuis
Jesus Christus, Seun van God, is ons versoening: 'n missionêre Christologie	Pieter Verster	Sunmedia
Kultuurvryheid en Selfbestuur	Heinrich Matthee	Kraal
My mother's mother	Pieta van Beek, Annemarié van Niekerk	Leiden University Press
Olga Kirsch – Biografie	Egonne Roth	Naledi
SA se vlootmagte	André Wessels	Sun Media
SAUK-SABC 60	Wynand Harmse	Naledi
Selfbeskikking in diep verdeelde samelewings – waar staan Afrikaanssprekendes in die lig van internasionale gevallestudies?	Bertus de Villiers	TGW
Skermutseling en skandale: Paul Kruger deur ander oë	Heinie Heydenrych	Imprimatur
Smuts 'n herwaardering	Prof. Kobus du Pisani	Protea Boekhuis
Taalkundige essays – 'n gerf uit die vroegskemer	Frank Hendricks	Sun Media
Vandag is ek 'n windlawaaï	Phillip de Vos	Protea Boekhuis




Publikasie	Outeur	Uitgewer
Verantwoording en geregtigheid	Rina Venter	Malan media
VOC (herdruk)	Con de Wet/Jan Visagie/Leon Hattingh	Protea Boekhuis
Waar rats die ribbok gaan— Elsabe Steenberg	Sarel Venter	Naledi
Wes-Transvaal: Militêre brandpunt van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902	Pieter de Jager	Kraal

## Navorsingsprojek

### Navorsing wat in 2017 deur die SA Akademie befonds is:

Navorsing	Navorser	Onderwerp
Afrikaanse Woordelys en Spelreëls	Taalkommissie	100 jaar (1917 - 2017) Eeufeesuitgawe
Caledon-Vensterfees	Heindrich Wyngaard	Die huldiging van P.J. Philander, dr. Con de Villiers en Marlene van Niekerk as voormalige bekroondes van die Akademie
Die invloed van skoolhoofleierskapstyl, skoolbeheerstrukture, morele leierskap en kontekstuele determinante op 'n positiewe skoolklimaat.	Dr. Leentjie van Jaarsveld, dr Challens, dr. Vos en prof Wolhuter	Die projek beoog om meer lig te werp op die invloed van skoolhoofleierskapstyl, skoolbeheerstrukture en morele leierskap op 'n positiewe skoolklimaat.
Gewone Taal vir gewone mense	Prof. Eleanor Cornelius	'n Handleiding, naslaanbron— vir 'n teikengehoor wat veral taalpraktisyns (vertalers en teksredigeerders) en tegniese skrywers insluit wat tekste van meet af aan in gewone taal moet skryf of bestaande (komplekse) tekste vir gebruik deur lekelesers in makliker verstaanbare taal moet herskryf.
Literêre Terme	Prof. Hein Viljoen	Opdatering van Literêre terme en teorieë. Die doel van die publikasie is om 'n bruikbare naslaanwerk in Afrikaans te wees wat van die belangrikste begrippe in die literatuurwetenskap betreklik bondig verduidelik. Die teikenmark is veral studente, dosente en skrywers, maar ook belangstellendes in die letterkunde in die breë. Prof. T.T. Cloete het in 1980 met die projek begin, en die destydse manuskrip is in 1989-1990 onder prof. Viljoen se leiding bygewerk. Die werk word hersien en verder bygewerk.
'n Ondersoek na fonteinname in Suid-Afrika	Prof. Matilda Burden	Die analise van fonteinname sal deur kultuurhistoriese metodologie geskied. Dit beteken dat die prefikse in die komposita gekategoriseer sal word volgens tipes, byvoorbeeld persoonsname (voornam, byname en vanne), diernam, plantegroei, syfers, kleure, emosies en ander abstrakte begrippe, grondgeaardheid, topografie en nog meer.



Navorsing	Navorser	Onderwerp
Strijdom van der Merwe - Landkuns	Carina van der Walt	Hierdie kunsboek handel oor die landkunswerk van Strijdom van der Merwe.
Vakkundiges se bydrae tot terminologieontwikkeling in Afrikaans	Dr. Mariëtta Alberts	'n Loodsprojek word onderneem om vakkundiges bepaalde riglyne te gee hoe om Afrikaanse terminologie te ontwikkel. Die publikasie sal as handleiding kan dien vir vakkundiges wat in die toekoms graag Afrikaanse terminologie wil skep, die terminologie wil uitbou, verder ontwikkel en handhaaf.
Verbintenis en venster. Die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis	Prof. Hennie van Coller	Die aantal studente in die Nederlandse letterkunde het die afgelope jare afgeneem, omdat kursusse in die Nederlandse letterkunde verskraal is.

### Huldigingsbundels van Hertzogprysweners

Adam Small	J v/d Elst	Reeds verskyn
Breyten Breytenbach	Francis Galloway	
Elsa Joubert	Phil van Schalkwyk/ Thys Human	
Johann de Lange	Daniel Hugo	
PG du Plessis	Heilna du Plooy	
Pieter Fourie	Fanie Olivier	
Reza de Wet	Marisa Keuris	



### 3.18 Chairefoon-konferensie

Op 9 Oktober 2017 het filosofiestudente 'n Chairefoon-konferensie by die Akademie gehou waar belangstellendes in dié veld abstrakte in Afrikaans kon lewer. Dit was die eerste byeenkoms van die Chairefoon-Inisiatief, wat begin is deur Hercules Boshoff, een van die Akademie se beurshouers. Die konferensie is deur ongeveer 25 belangstellendes bygewoon en sal moontlik 'n jaarlikse instelling word.

### 3.19 Jan H. Maraisprys

Die Jan H. Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoeh Marais (1850-1915), 'n vooraanstaande Stellenbosser en 'n voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart opgebou het. Die instansies is Het Jan Marais Nasionale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit van Stellenbosch.


